education
Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

# PREPARATORY EXAMINATION

## GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

## SEPTEMBER 2015

## PUNTE: 100

## TYD: 2½ UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Teks (2 x 25) (50)

2. Beantwoord **EEN** vraag uit AFDELING A en **TWEE** vrae uit AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart/ diagram/vloeidiagram/sleutelwoorde), proeflees en redigeer. Die beplanning en eerste poging moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik:

   80 minute vir AFDELING A
   70 minute vir AFDELING B

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.

9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400-450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 **In 'n oogwink het alles verander.** [50]


1.2 Die ongewone besoeker op Houtbaai se strand [50]

1.3 Hier teen die skerp skuinste beur die jagter en gids oor die ronde klippe, oë en ore gespits. Die haelgeweer is gereed ... [50]

1.4 **Die moderne Afrikaner.** [50]


1.5 "Ry 'n draai op 'n dikwielfiets,
suig die outydse sweetie in jou kies,
laat jou hart op die reënboog ry,
maak tyd om elke dag
'n rukkie weer kind te bly" Antoinette Hill [50]

1.6



[Bron: http//www.flickr.com] **[50]**

1.7




[Bron: maroelamedia.co.za] **[50]**

1.8



[Bron: https://www.facebook.com]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies TWEE van die opdragte hieronder en skryf 'n skryfstuk van 180-200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die finale produk duidelik aan.

2.1 **BRIEF AAN DIE PERS**

Daar is tans 'n horde Afrikaanse Kunstefeeste in Suid-Afrika wat jaarliks van krag tot krag gaan. Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou gevoel of ervaring van so 'n fees/feeste op skrif stel – dit kan positief of negatief of albei wees. **[25]**

2.2 **HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats is tydens Paasnaweek in 'n fratsongeluk oorlede. Omdat jy al van laerskool af noue bande met hom/haar het, word jy gevra om 'n HULDEBLYK van hom/haar tydens die begrafnisdiens te lewer. **[25]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

Na deeglike navorsing en waarneming het jy besluit om uiteindelik die ARTIKEL in 'n bekende tienertydskrif te publiseer oor hoe ware sukses in die lewe behaal kan word. **[25]**

2.4 **RESENSIE**

Somer en sonbaai, selfsorg en tjoppies braai – 'n volmaakte vakansie! 'n Vakansieoord in jou omgewing het 'n kompetisie uitgeskryf waaraan alle leerders kan deelneem. Die persoon wat die beste resensie oor die vakansieoord skryf (vir publikasie in 'n bekende reistydskryf), kan saam met sy/haar gesin vir 'n week tydens die Desembervakansie gratis daar gaan uitspan. Skryf hierdie RESENSIE. **[25]**

Kopiereg voorbehou

## 2.5 NOTULE

Die skool se sportverteenwoordiger beplan 'n geesbou-en fiksheidsweek vir 'n spesifieke sportsoort (kies self die sportsoort) tydens die Septembervakansie. Die hele span is tydens die beplanningsvergadering in die skoolsaal teenwoordig om die week se gebeure te bespreek.

Hier is die AGENDA wat vooraf aan elke spanlid gestuur is.

*Agenda van 'n sportvergadering van die spanlede wat op Maandag 2 Februarie 2015 om 17:00 in die skoolsaal gehou sal word.*

1. Opening en verwelkoming
2. Bywoning en verskonings
3. Sake vir bespreking
   - 3.1 Bestemming
   - 3.2 Ontspanningsaktiwiteite
   - 3.3 Fiksheidsessies
   - 3.4 Tydsduur
   - 3.5 Koste
4. Algemeen
   - 4.1
   - 4.2
   - 4.3
5. Datum van volgende vergadering
6. Afsluiting

| | |
|---|---|
| N de Klerk | D van den Berg |
| N de Klerk | D van den Berg |
| Voorsitter | Sekretaris |

Skryf die NOTULE van die dag se vergadering. **[25]**

## 2.6 ONDERHOUD

Julle skool was bevoorreg om 'n uitruilstudent van Nederland 'n jaar lank in jul skool te akkommodeer. Skryf die ONDERHOUD (vir publikasie) wat jy as joernalis van die skoolkoerant met hierdie student gevoer het oor sy/haar verblyf en ervarings gedurende hierdie tydperk. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou